

**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2012

# MUSIEK V1 MEMORANDUM

**PUNTE: 125**

Hierdie memorandum bestaan uit 21 bladsye.

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**AFDELING A: MUSIEKTEORIE**

Beantwoord VRAAG 1, 2, 3, 4 en dan ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2

**VRAAG 1**

Bestudeer die onderstaande fragment en beantwoord die vrae wat daarop volg.




Downloaded from eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com


1.1 Noem die drieklank soos aangedui deur die letter A in maat 1 van die klavier-partituur, en noteer die drieklank in tweede omkering in die altsleutel.

Drieklank: ***Majeurdrieklank***

Naam van drieklank = 1 punt
Sleutel= 1 punt
Notasie = 1 punt (3)

Antwoord:



1.2 Noem die intervalle in die blokkies gemerk B, C en D.

B: ***Rein 5de*** (1)

C: ***Majeur 3de*** (1)

D: ***Rein 4de*** (1)

1.3 Wat is die musiekterm vir die teken wat in blok E gemerk is?

Antwoord: ***Sforzando*** (1)

1.4 Transkribeer maat 1 van die tenoorsaksofoondeel van balknotasie na tonika-solfanotasie.

Antwoord: Doh is F

| f, . ma, : m, . d, | : s,, |

Nasienriglyn


| BESKRYWING | PUNTE-TOEKENNING | LEERDER SE PUNT |
|---|---|---|
| Doh is F | ½ | |
| Solfa-name en ritme | 3½ | |

(4)


Downloaded from eduresourceza.com

 Downloaded from eduresourceza.com 

1.5 Die kort passasie hieronder word op die Franse horing gespeel. Herskryf dit met die nodige skuiftekens na konsertstemming. 'n Franse horing klink 'n rein 5de laer as geskryf.




Antwoord:



***Sleutel = ½***
***Notasie = 5 ÷ 2 = 2½*** (3)

1.6 Herskryf maat 7 van die tenoorsaksofoon in enkelvoudige drieslagmaat. Voeg die nuwe tydmaatteken by.

Antwoord:




***Korrekte tydmaatteken = 1***
***Notasie = 2 punte*** (3)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


1.7 Herskryf die volgende fragment in oop partituur vir Sopraan, Alt, Tenoor en Bas.



Antwoord:




***½ punt per maatslag = 4 punte***


(4)
**[21]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 2

Bestudeer die volgende partituur en beantwoord die vrae.




2.1 Identifiseer die nie-harmoniese note gemerk by A – D

| | | |
|---|---|---|
| A | *Terughouding* | (1) |
| B | *Antisipasie* | (1) |
| C | *Deurgangsnoot (beklemtoonde deurgansnoot)* | (1) |
| D | *Onder-wisselnoot* | (1) |

2.2 Besyfer die akkoorde genommer by E, F en I, bv. F: IV of D/F, ensovoorts.

| | | |
|---|---|---|
| E | *C* $I^6$ Ib c C/E | (1) |
| F | *C* $V^7$ $G^7$ | (1) |
| I | *C* $V^4_2$ Vd $G^7$ $G^7$/F | (1) |

2.3 Beskryf die akkoorde by G en H (bv. majeur, ensovoorts).

| | | |
|---|---|---|
| G | ***Verminderde*** | (1) |
| H | ***Mineur*** | (1) |

2.4 Noem die kadens wat deur die letter J aangedui word.

Antwoord: ***Volmaakte kadens*** (1)

**[10]**

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



**VRAAG 3**

3.1 Skryf die dalende melodiese mineurtoonleer wat E MOL as die verlaagde leitoon bevat, sonder toonsoortteken in die bassleutel. Gebruik kwartnote.


Antwoord:



(4)

3.2 Identifiseer die volgende modusse/toonlere:

3.2.1




Antwoord: ***Eolies*** (1)

3.2.2




Antwoord: ***'n Blues-toonleer*** (1)

3.2.3




Antwoord: ***Lidies*** (1)

3.2.4



Antwoord: ***Pentatonies*** (1)

3.2.5



Antwoord: ***Heeltoon*** (1)

**[9]**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 4**

Kies EEN van die gegewe openingsmotiewe om 'n twaalfmaat-melodie vir die instrument van jou keuse te voltooi. Gebruik ABA-vorm, voeg dinamiek- en artikulasietekens by.

4.1 Instrument ____________________



Hierdie vraag sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| Keuse van instrument | 1 |
| Vorm en kadenspunte | 6 (3+3) |
| Musikaliteit | 5 |
| Dinamika en artikulasie | 2 |
| Korrektheid van notasie | 2 |
| **Totaal** | 16 ÷ 2 = **8** |

**[8]**

**OF**

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


4.2 Instrument ______________________________



Hierdie vraag sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| Keuse van instrument | 1 |
| Vorm en kadenspunte | 6 (3+3) |
| Musikaliteit | 5 |
| Dinamika en artikulasie | 2 |
| Korrektheid van notasie | 2 |
| **Totaal** | 16 ÷ 2 = **8** |

**[8]**

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



**VRAAG 5**

Beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.

5.1 Voltooi die onderstaande vierstemmige harmonisering deur gepaste akkoorde in die gegewe styl te gebruik.

***Moontlike antwoord***



Hierdie vraag sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

| | |
|---|---|
| Akkuraatheid (12 akkoorde) | = 4 punte (-½ punt per fout) |
| Keuse van akkoorde (12 akkoorde) | = 6 punte (-½ punt per fout) |
| Algemene indruk | = 2 punte |

**[12]**

**OF**

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

5.2 Bestudeer die onderstaande stuk en beantwoord die vrae wat volg:




5.2.1 Noem die akkoordsimbole by (a) tot (d).

(a) ***F*** (1)

(b) ***Am7*** (1)

(c) ***Bb*** (1)

(d) ***A7*** (1)

5.2.2 Voltooi die stuk deur gepaste akkoorde van jou keuse by te voeg. Jy mag gepunteerde halfnote gebruik.
*Enige gepaste akkoorde (8 akkoorde) = 1 punt per akkoord (-½ per fout)* (8)

**[12]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS**

Toepaslike antwoorde wat nie in die memorandum voorkom nie mag deur die onderwyser aanvaar word.

**VRAAG 6 JAZZ**

By 'n Jazzfees in Kaapstad word Swing en Bebop-musiek opgevoer. Jy word gevra om die twee style te vergelyk sodat die gehoor die verskille tussen die twee style mag ken.

Vergelyk Swing met Bebop met betrekking tot die volgende aspekte:

| | SWING | | BEBOP | |
|---|---|---|---|---|
| 6.1 | Harmonie<br>*Komplekse, gesofistikeerde harmonieë gebaseer op akkoorde wat uit vyf tot sewe note bestaan.* | | Harmonie<br>*Drie-of viernoot akkoorde.* | |
| | *Ongewone akkoordprogressies.* | | *Meer voorspelbare akkoordveranderinge.* | (2) |
| 6.2 | Melodie<br>*Bebop melodieë is skerp met ongelyke kontoere. Dit is op nuwe akkoorde en progressies gebaseer. Die melodiese frases is dikwels afwisselend en onreëlmatig in lengte.* | | Melodie<br>*In swing is die melodie baie belangrik. Melodieë is dikwels deur volledige afdelings van die orkes (sasksofone of koperblaas of ritme afdelings), in eenklank of in harmonie.* | |
| | *Die melodie wat aan die begin en einde van die stuk gehoor word, is bloot 'n uitgangspunt vir instrumentale improvisasies wat gebaseer op die melodie of die harmoniese struktuur van die stuk.* | | *Die verwerking van die melodie en die begeleiding is fokuspunt van die musiek.* | (2) |
| 6.3 | Instrumentasie<br>*Bebop is gewoonlik deur klein jazz groepe gespeel. 'n Tipiese bebop groep sal 'n saksofoon en/of trompet insluit, wat deur 'n ritme-afdeling van klavier, bas en perkussie ondersteun word.* | | Instrumentasie<br>*'n Tipiese swing-orkes het om en by veertien of vyftien musikante wat in drie afdelings gegroepeer is: saksofone, koperblaasinstrumente (trompette en trombone) en die ritme-afdeling (klavier, perkussie, kitaar en bas).* | (2) |
| 6.4 | Tempo<br>*Vinniger tempi as swing.* | | Tempo<br>*Stadiger tempi as bebop.* | (2) |
| 6.5 | Ritme<br>*Die polsslag is deur die kontrabas en simbaal bepaal.* | | Ritme<br>*Die polsslag is gewoonlik gehou deur die tromspeler op die bastrom en 'hi-hat' pedaal.* | (2) |

**[10]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 7 ROMANTIESE MUSIEK

7.1 Bespreek die vierde beweging van Brahms se simfonie nr. 4 in E mineur op.98.

Jou bespreking moet op die volgende aspekte gebaseer is:

7.1.1 VORM

- *Variasie-vorm wat oorbrug word deur ABA-vorm (koda) is gebruik.*
- *A (var. 1-11) B (var. 12-15) A (var. 16-30) Koda.*
- *Dertig variasies en 'n uitgebreide koda.*
- *Sterk ooreenstemmings tussen hierdie beweging en die Barok Passacaglia.* (3)

7.1.2 TEKSTUUR

- *Mengsel van homofoniese en polifoniese teksture*
- *Meestal polifoniese tekstuur*
- *Meestal 'n digte tekstuur*
- *Groter orkes het tot 'n meer komplekse struktuur gelei*
- *Ongewone kombinasies van instrumente is gebruik om die tekstuur te varieer* (3)

7.1.3 HARMONIE

- *Baie ryk en chromatiese harmoniese taal*
- *Baie toonsoorte word gebruik (dikwels afgesonderde toonsoorte)*
- *Uitgebreide gebruik en kleurvolle modulasies kom voor*
- *Gebruik van die grond – en derde toon sonder die vyfde toon in akkoorde en temas* (3)

7.1.4 DINAMIKA

- *Wye dinamiekomvang is moontlik deur die uitgebreide orkes*
- *Dinamika word gebruik om emosies te demonstreer*
- *Uiterste dinamiekindikasies is gebruik, bv. pp-ff*
- *Skielike kontraste en uitgebreide crescendos* (3)

7.2 Kies EEN van die volgende Romantiese komposisies wat jy bestudeer het, en noem SES stylkenmerke oor die werk wat jy gekies het.

7.2.1 Schubert: *Erlkönig*

- *Schubert gebruik 'n deurgekomponeerde toonsetting om die inhoud en karakter van die gedig vas te vang.*
- *Die klaviergedeelte met sy vinnige oktawe en dreigende basmotief dra die spanning van die wilde rit oor.*
- *Die klavier se aanhoudende trioolritme verenig die episodes van die lied, en stel die gallop van die perd voor.*
- *Deur die musiek op verbeeldingryke wyse te varieer maak Schubert een sanger soos verskeie karakters in 'n miniatuur drama sing, bv. die verskrikte seun sing in 'n hoë register in 'n mineurtoonsoort.*
- *Elke keer as die seun 'n musikale uitroep sing, word dit deur dissonante harmonieë geïntensifiseer.*
- *Om toenemende vrees oor te dra, het Schubert die seun se uitroep elke keer 'n hoër en hoër toonhoogte gegee.*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**OF**

7.2.2 Chopin: *Polonaise in A-mol majeur*

- *Kort solo instrumentale musiekstuk wat 'n idee of atmosfeer oordra, en wat begin floreer het in die Romantiese era.*
- *Die polonaise het ontstaan as 'n statige dans vir Poolse adellikheid.*
- *Die stuk demonstreer dus musikale nasionalisme wat die Poolse nasionale identiteit beskryf.*
- *Die polonaise is majestueus en kragtig met oomblikke van liriese kontraste.*
- *Dit roep die eeu-oue glans van die Poolse mense op.*
- *Drieledige vorm met 'n inleiding en 'n kort koda.*
- *Die hooftema het 'n wye variasie begeleiding.*
- *Die kontrasterende B-afdeling bestaan uit 'n marsjeer-melodie wat deur herhaalde oktawe in die linkerhand begelei word.*
- *Dit verg 'n hoë vlak van tegniese bekwaamheid van die pianis.*

**OF**

7.2.3 Puccini: *La Bohème*

- *Beeld 'n Boheemse lewe soortgelyk aan sy eie lewe as 'n arm musiekstudent uit.*
- *Daar is 'n geleidelike oorgang van een toneel of stemming na die volgende.*
- *Die melodieë bestaan uit kort frases wat maklik is om te onthou, en is gevul met emosionele intensiteit.*
- *Hy gebruik die orkes om die vokale melodie te versterk, en om atmosfeer, landskap en stemming voor te stel.*
- *Hy het die verskille tussen aria en resitatief verminder, en het daardeur 'n agtereenlopende vloei van musiek geskep.*
- *Karakter en verhaal word deur musiek openbaar – Hoofkarakters is Rudolfo, 'n jong digter, en Mimi, 'n arme kleremaakster.*
- *Groot Romantiese orkes.*
- *La Bohème het vier bedrywe. Puccini verkry eenheid en kontinuïteit deur dieselfde materiaal in verskillende bedrywe te gebruik.*
- *Puccini was baie besorgd oor die literêre en dramatiese eienskappe van sy librettos.*

**OF**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

7.2.4 Smetana: *The Moldau*

- *'n Komposisie vir orkes wat 'n spesifieke storie, prent of idee vertel, deur die gebruik van klank.*
- *Dit beeld die vloei van die Moldau-rivier deur Tjeggoslovakye uit.*
- *Twee stroompies (een warm, en een koud), wat albei deur hul eie instrumente verteenwoordig word. (fluit – koud; klarinet – warm).*
- *Die stroompies loop saam in 'n groot rivier – word die riviertema.*
- *'n Jagekspedisie word deur gepunteerde ritme in die musiek uitgebeeld.*
- *'n Volksdans het 'n tipiese volksagtige karakter.*
- *Hierdie werk is deel van die siklus Má Vlast (My Country).*
- *Die werk is 'n romantiese weergawe van die natuur en beeld Tjeggiese Nationalisme uit.*
- *Teenstellende musikale afdelings verteenwoording verskillende tonele en episodes wat in die program beskryf word.*
- *'n Herhaalde volksagtige tema simboliseer die rivier.*
- *Aaneenlopende note beeld die vloeiende rivier uit.*
- *Smetana gebruik musikale effekte om te herinner aan 'n vloeiende stroom, 'n jagekspedisie, 'n landelike troue en die botsing van golwe.*
- *Die jag langsaan die rivierbed word deur trompetgeskal gesuggereer.*
- *Die landelike troue word deur 'n rustieke polka uitgebeeld.*

**OF**

7.2.5 Mendelssohn: *Vioolkonsert in E mineur, eerste beweging*

- *Die concerto beeld 'n unieke samestelling van lirisisme en meesterlikheid uit.*
- *Bestaan uit drie bewegings wat sonder pouse gespeel word.*
- *Beide die eerste en derde bewegings is in sonate-vorm.*
- *Goeie wisseling tussen solis en orkes, met temas wat van een na die ander oorgeneem word en dan 'n pragtige kontras van toonkleur oplewer*
- *Die eerste beweging begin met die solis wat die eerste tema bo die murmurerende strykinstrumente aanbied*
  *Die orkes het die tradisionele uitgebreide openingsafdeling.*
- *'n Wye verskeidenheid dinamiek word in die stuk gebruik.*
- *Die concerto bevat ongewone kombinasies van instrumente.*
- *Die cadenza word tussen die ontwikkeling en die rekapitulasie gespeel om 'n integrale deel van die beweging te word.*

(6)
**[18]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 8 20ste EEUSE MUSIEK**

8.1 Definieer EEN van die onderstaande musiekstyle:

Impressionisme

8.1.1 ***Definisie***

- *Musiekstyl wat toonkleur en atmosfeer beklemtoon, tipies van Debussy.*
- *(Het tussen 1890 – 1920 floreer)* (2)

8.2.1 ***Melodie***

- *Gebruik die heeltoon-toonleer om die sagte beweging van die bootseile in die wind uit te beeld.*
- *Gebruik die pentatoniese toonleer vir vinnig stygende passasies.*
- *Melodiese lyne is geneig om kortstondig en onvolledig te wees.*
- *Motiewe is kort en herhalend.*
- *Melodieë het 'n klein omvang.* (2)

***Instrumentasie***

- *Klavierwerk.*
- *Una Corda word dikwels gebruik om veranderinge in toonkleur te verhef.*
- *Pedaaltekens is self deur Debussy aangedui.* (2)

**OF**

Neoklassisisme

8.1.2 ***Definisie***

- *Musiekstyl gekenmerk deur emosionele beheerstheid, balans en duidelikheid, geïnspireer deur die vorms en stylkenmerke van die agtiende eeuse musiek* (2)

8.2.2 ***Melodie***

- *Melodieë is dikwels sekwense of kort motiewe.*
- *Melodieë is volksagtig.*
- *Klein omvang.*
- *Die melodiese en harmoniese repetisie gee die musiek 'n hipnotiese effek.* (2)

***Instrumentasie***

- *Rite of Spring is vir 'n groot orkes geskryf.*
- *Orkestrasie is perkussief – primitivisme.*
- *Instrumente speel in ongewone registers.*
- *Toonkleure lyk droog en helder.* (2)

**OF**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


Musiekteater

8.1.3 ***Definisie***

- *'n Tipiese Amerikaanse teater wat geskep is deur samesmelting van dramatiese teks, toneelspel, sang, dans, tonele, kostuums en glans* (2)

8.2.3 ***Melodie***

- *Individuele liedjies met 'Treffer' potensiaal.*
- *Die omvang van die liedjies is nie so groot soos in opera nie.*
- *'n Wye verskeidenheid style van vaudeville en Latynse ritmes tot bebop en sogenaamde opera ensemble.*
- *West Side Story het meer komplekse en onkonvensionele musiek.* (2)

***Instrumentasie***

- *Die stemme van die soliste word dikwels vergroot.*
- *Sangers word deur 'n orkes begelei.* (2)

**[6]**

**VRAAG 9 INTERNASIONALE POPULÊRE MUSIEK**

In Januarie 2012 het jy 'n konsert in Bloemfontein bygewoon. Die beste internasionale popmusikante het by Loch Logan Rose Garden opgetree. Een van die volgende kunstenaars/groepe se liedjies wat jy bestudeer het, is deur 'n ander kunstenaar/groep opgevoer.

***Vir die onderwyser:***

- *Daar word van die kandidaat verwag om 'n denkbeeldige opvoering te skep en hul opinies te staaf in verband met die onderstaande feite.*
- *Die onderstaande feite tel slegs as daarna verwys word om die kandidaat se opinie te staaf.*
- *Die gegewe punte moet op die algemene indruk van die kandidaat se insig gebaseer word.*

9.1 Girl/Boy bands

***Westlife***

- *Hul musikale invloede spruit uit 'boy-bands' van vroeër jare soos Boyzone en Take That.*
- *In onlangse albums het die groep se klank ontwikkel van jeug-geöriënteerde pop tot hoofstroom musiek.*
- *Hul musiekstyl is nou 'n volwasse mengsel van ballades en mid-tempo wysies.*
- *Die musiek het spesifieke styleienskappe soos:*
  - *Dansbare maatslag*
  - *Eenvoudige wysies*
  - *Herhalende strukture*
- *Mense kan maklik saamsing.*
- *Die 'Girl/Boy Bands' verskynsel betrek dikwels massa-bemarking en verbruiker aangedrewe pogings deur groot platemaatskappye.*
- *Die invloed van R&B op pop kan gehoor word in die werk van verskeie 'girl/boy bands'*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

9.2 Brit pop

***Oasis***

- *Britpopgroepe is sterk deur die Britse kitaarmusiek van die 1960's en 1970's beïnvloed.*
- *Hul musiekstyl reflekteer ontsag vir die klanke van die verlede.*
- *Stylisties, het Oasis op aantreklike draaie staatgemaak.*
- *Lirieke was relevant tot Britse jongmense van hul eie generasie.*
- *Strewe na eenvoudigheid.*
- *Rock-maatslae*

9.3 Heavy metal

***Metallica***

- *Dit word tipies gekenmerk deur 'n kitaar-en-trom gedomineerde klank, sterk ritmes en klassieke, blues-agtige of simfoniese styl.*
- *Heavy metal sub-genres bevat egter hul eie stylistiese variasies wat dikwels hierdie eienskappe uitlaat of verander.*
- *Die mees algemene groepering vir 'n metal-orkes is 'n tromspeler, 'n basspeler, 'n ritmekitaarspeler, 'n hoofkitaarspeler en 'n sanger – wat 'n instrumentalis kan wees of nie.*
- *Klawerborde (veral die orrel) was gewild onder vroeë metal-groepe.*
- *'n Sleutelaspek van heavy metal is die kitaarsolo.*
- *Gebruik 'n versterkte, hoogs verwronge klank.*
- *Die hoofrol van die kitaar in heavy metal bots gereeld met die tradisionele "front man" of orkesleierrol van die sanger, wat musikale spanning veroorsaak. Beide kitaar en sang is ewe belangrik in heavy metal.*
- *James Hatfield se opsetlike growwe sangstyl dra by tot die verskeidenheid sangstyle in heavy metal.*
- *Vinnige tempi en komplekse verwerkings.*

9.4 R&B pop

***Michael Jackson***

- *Kontemporêre R&B is 'n genre van Amerikaanse popmusiek.*
- *Alhoewel die akroniem "R&B" sy oorsprong het by assosiasie met tradisionele ritme en blues-musiek, word die terme R&B vandag meer dikwels gebruik om 'n styl Afrika-Amerikaanse musiek, wat ontstaan het na die afname van disko in die 1980's, te definieer.*
- *Dikwels beskryf as kontemporêre R&B, kombineer elemente van soul, funk, pop, en vanaf 1986, hip hop.*
- *Die afkorting R&B word meestal gebruik in plaas van die volle is 'rhythm and blues' term.*
- *Kontemporêre R&B het 'n elektroniese opnameproduksiestyl, met masjienagtige tromritmes en 'n gladde oordadige sangverwerkingstyl.*
- *Gebruik hip hop-geïnspireerde maatslae, alhoewel die grofheid gewoonlik verminder en uitgestryk word.*
- *Uitsonderlike sangstyl.*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

9.5 Glam rock
***David Bowie***

- *Glam Rock is 'n sub-genre van Rock-musiek.*
- *Glam Rock gebruik al die stilistiese elemente van rock en heavy metal, maar die gevoel is ligter en vinniger.*
- *Marc Bolan van T Rex-faam was die baanbreker van glam rock.*
- *Kunstenaars dra grimering en uitheemse uitrustings en haarstyle.*
- *David Bowie word wyd beskou as 'n invloedryke innoveerder, veral vir sy werk in die1970's.*
- *In 1970 het Bowie 'The Man Who Sold the World' vrygestel, wat die akoestiese kitaarklank van die vorige album verwerp het en dit vervang met swaar rockbegeleiding.* **[8]**

**VRAAG 10 SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS IN POPULÊRE MUSIEK**

By 'n jeugfees word die musiek van die volgende kunstenaars vir vermaak gespeel.

Skryf die belangrike eienskappe van die musiek van EEN van die kunstenaars van jou keuse.

10.1 ***Mandoza: Kwaito***

- *Lirieke daarop gemik om opbouende inhoud te bevat.*
- *Lirieke word geskree of gedreun, eerder as gesing of ge-'rap'.*
- *Lirieke word in inheemse Suid-Afrikaanse tale, insluitend Afrikaans, gesing.*
- *Kombineer musiekstyle van Hip Hop, Kwaito, Mbaqanga en tradisionele Afrika-musiek.*
- *Donker stemtoon.*
- *Diep baslyne*
- *Optredes word gewoonlik met opnames van agtergrondmusiek in plaas van 'n orkes begelei.*

10.2 ***Lucky Dube: Reggae***

- *Tipiese reggae-styl gegrond op ritmes.*
- *Gekarakteriseer deur gereelde klem op die tussenslag*
- *Ritmekitaar speel gereeld die akkoorde op die tussenslag.*
- *Tussenslae gaan dikwels gepaard met 'n spesifieke reggae-dans.*
- *Lirieke gebaseer op lewenservaringe.*
- *Musiek beeld die spirituele en politieke stryd van Suid-Afrikaanse mense uit.*

10.3 **Steve Hofmeyer**

- *Hy sing grotendeels in 'n rock-styl.*
- *Sy sangstem word dikwels met dié van Neil Diamond vergelyk*
- *Lirieke bevat outobiografiese sowel as poëtiese eienskappe.*
- *Sy musiek is 'n kombinasie van verskeie musiekstyle soos Afrikaanse Rock, Afrikaanse Pop en volksang.*
- *Musiek sluit baie oorname van Neil Diamond en Kris Kristofferson se liedjies in.*
- *Hy het baie ondervinding in musiekteater.*
- *Hy is 'n baie veelsydige sanger.* **[6]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 11 SUID-AFRIKAANSE TRADISIONELE MUSIEK

Beskryf enige EEN van die volgende style:

11.1 Kwaito

- *Kwaito is 'n unieke Suid-Afrikaanse styl.*
- *Die woord 'kwaito' het ontstaan uit die Afrikaanse woord "kwaai".*
- *Kwaito is oorspronklik van house-musiek en het in die 1990's ontwikkel.*
- *Kwaito musiek is gebaseer op house-musiek, maar het 'n stadiger tempo.*
- *Dit gebruik diep baslyne.*
- *Sang word gewoonlik geskree of gedreun eerder as gesing.*
- *Die lirieke is gewoonlik in Suid-Afrikaanse stedelike tale.*
- *Meer as een taal kan in dieselfde liedjie voorkom.*
- *Isicamtho (Suid-Afrikaanse slang) is die vernaamste taal wat in kwaito gebruik word.*
- *Vooraf opgeneemde instrumentale begeleiding/agtergrondse musiek word gebruik.*
- *Kwaito is 'n uitbeelding van 'n lewenstyl.*
- *Die lewe word ook in die dans, spraak en kleredrag van die township uitgebeeld.*

11.2 Musiek vir sosiale-en kulturele geleenthede

- *Musiek vir spesifieke geleenthede.*
- *Bv. troues, begrafnisse ens.*
- *Musiek vir spesifieke geleenthede of vir landbouseisoene.*
- *Bv. reën en oestyd.*
- *Musiek vir spesifieke godsdienstige tydperke.*
- *Bv. oggendgebed, aandgebed, danksegging ens*

11.3 Moppies en ghommaliedjies

- *Tipies van die Kaapse Maleiers en tradisioneel in Afrikaans.*
- *Word tradisioneel op Nuwejaarsdag of by sosiale geleenthede opgevoer.*
- *Liedjies word altyd deur 'n ghommamaatslag, wat uit twee sestiende en 'n agstenoot slag bestaan, deur 'n ghommatrom begelei*
- *Daar is 'n aanhoudende tafa-te ritme wat deur die liedjies gehoor kan word.*
- *Die orkes bestaan uit 'n kitaar, mandoelien, banjo en cello.*
- *Moppies en ghommaliedjies word in 4 kategorieë verdeel naamlik, tradisionele liedjies vir troues, Hollandse (Afrikaanse) volksliedjies, Moppies – grappige liedjie en ghomma-piekniek liedjies.*
- *Inhoud van die liedjies is meestal lighartig en snaaks – liedjies met politieke inhoud is deur die apartheidsjare gesing om opposisie teen die stelsel uit te spreek.*
- *Moppies en ghommaliedjies word deur dansbewegings begelei.*
- *Spore van ander kulture - Khoi-khoi, Indonesiese, Indiese en Malgassiese is duidelik hoorbaar.*

**[5]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 12 SUID-AFRIKAANSE KOMPONISTE**

Skryf 'n kort paragraaf oor die musiekbydrae van EEN van die volgende Suid-Afrikaanse komponiste:

*Musiekbydrae = 4 punte*
*Voorbeelde van komposisies = 1 punt*

12.1 **SJ Khosa**

- *Meer as 400 komposisies*
- *Groot bydrae tot koortradisie*
- *Tsonga word as taal in die Suid-Afrikaanse koorrepertorium gebruik*
- *In sy amp as musiekinspekteur, het hy die jonger generasie aangaande koormusiek sterk beïnvloed.*
- *Komposisie: Afrika Lontshwa*

12.2 **N van der Watt**

- *In kooropleiding betrokke*
- *Hy het vir kore gekomponeer*
- *Deur Afrikaanse literatuur beïnvloed (bv. gedigte deur Antjie Krog)*
- *Hy het ook Afrika-musiek in sy werke gebruik*
- *Komposisie: African Dawn*

12.3 **M Khumalo**

- *Deur Afrika-literatuur geïnspireer, veral die digter, Vilakazi*
- *Groot bydrae tot koormusiek*
- *Betrokke by nasie-bou konserte*
- *Kantata: Ushaka (Zoeloe en Europese tradisies word gekombineer)*
- *Komposisie: Sangena* **[5]**

**VRAAG 13 MUSIEK INDUSTRIE**

Noem enige VIER funksies van SAMRO.

- *Primêre verteenwoordiger van musiekregte.*
- *Kollekteer lisensiefooie van televisie-uitsaaiers, radiostasie, klubs, restaurante en alle ander besighede wat musiek uitsaai*
- *Onderhandel musiek-gebruiker lisensies*
- *Administreer die regte vir 50 jaar na die kunstenaar se sterfte.* **[4]**

**VRAAG 14 SUID-AFRIKAANSE VOLKSLIED**

Wie is die skrywers van die lirieke van die Volkslied?

- *Enoch Sontonga*
- *CJ Langenhoven*
- *J Zaidel-Rudolph* **[3]**

**TOTAAL AFDELING B: 65**

**GROOTTOTAAL: 125**

Downloaded from eduresourceza.com